higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N6

(22030126)

14 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate word toegelaat om studenteportefeuljes, aantekeninge en werkopdragte/projekte, voorgeskrewe handboeke, 'n atlas, woordeboek, reisgidse, brosjures en 'n GSA in die eksamenlokaal in te neem.

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees.

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 3 addenda (4 bladsye).

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur voordat jy die vrae van jou keuse beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

   2.1 Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

   2.2 Beantwoord slegs TWEE vrae in AFDELING B.

   2.3 Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING C.

   2.4 VRAAG 4.1 in AFDELING D is verpligtend.

   Beantwoord slegs EEN vraag uit VRAAG 4.2–4.4.

   2.5 Beantwoord al die vrae in AFDELING E.

3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

4. Skryf die vraagnommer en die land se naam in hoofletters aan die bokant van elke bladsy.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFGDELING A: DIE VERENIGDE KONINKRYK EN REPUBLIEK VAN IERLAND

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Lees en verwys na ADDENDUM A (aangeheg) asook jou voorgeskrewe bronne en beantwoord die volgende vrae.

1.1	Wat word die toer van 7 dae genoem en wat kos dit?	(2)
1.2	Waarvandaan vertrek hierdie toer?	(1)
1.3	Noem die eerste bestemming op hierdie toer.	(1)
1.4	Die reisplan verwys na '... 'n tradisionele bootvaart in 'n platboompaalskuit'. Wat beteken dit en na watter rivier word hier verwys?	(3)
1.5	Noem VIER historiese geboue om in Cambridge te besoek.	(4)
1.6	Waarom sal toeriste York wil besoek?	(3)
1.7	Watter tradisionele etes kan jy in 'n Engelse kroeg ('pub') verwag?	(2)
1.8	Waarvoor is 'pub' 'n afkorting?	(2)
1.9	Watter VIER transisionele alkoholiese dranke kan jy in 'n kroeg geniet?	(4)
1.10	Wanneer is die Muur van Hadrianus gebou?	(1)
1.11	Noem die hoofstad van Skotland.	(1)
1.12	Waarom is toeriste gaande oor die hoofstad van Skotland?	(3)
1.13	Beskryf die Koninklike Myl ('Royal Mile').	(3)
1.14	Waarheen sal jy gaan om aandenkings te koop?	(1)
1.15	Op watter dag van die toer kan jy probeer om die Loch Ness-monster te sien?	(1)
1.16	Wat is hierdie sogenaamde monster se naam?	(1)
1.17	Noem die hoogste bergpiek in Brittanje.	(1)
1.18	In watter dorp is William Shakespeare gebore?	(1)
1.19	Noem die jare waarin Shakespeare gebore en oorlede is.	(2)
1.20	Noem die 'UNESCO-wêrelderfenisterrein' waar die toer op die laaste dag aandoen.	(1)

Kopiereg voorbehou

1.21 Om watter rede is die Roomse baddens in hierdie stad so gewild? (3)

1.22 Bespreek waarom Stonehenge wetenskaplikes, toeriste en geskiedkundiges steeds aan die gis het. (4)

1.23 Op die laaste dag keer die toer na Londen terug. Noem VYF bekende winkels wat inkopieliefhebbers in Londen kan besoek. (5)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: WES-EUROPA (FRANKRYK, DUITSLAND, SWITSERLAND, OOSTENRYK EN BENELUX)

Kies TWEE lande wat jy bestudeer het en beantwoord slegs TWEE vrae in AFDELING B.

2.1 FRANKRYK

2.1.1 Wat is die benaderde vlugtye

A van Marseille na Londen?
B van Parys na Singapoer?
C van Parys na Sydney?

(3 × 1) (3)

2.1.2 Gee die IATA-kodes vir die volgende stede of lughawes en verduidelik hul liggings:

A Bordeaux
B Straatsburg
C Lyon

(3 × 2) (6)

2.1.3 Noem die treindiens wat direkte sneltreine tussen Londen en Parys bedryf. (2)

2.1.4 Tussen watter TWEE stasies in (a) Londen en (b) Parys loop die trein? (2)

2.1.5 Wat is die reistyd tussen Londen en Parys per trein? (1)

2.1.6 Lys die fasiliteite of dienste aan boord van die bogenoemde trein. (4)

2.1.7 Dui aan tussen watter plekke die volgende diensverskaffers veerbote oor die kanaal bedryf en hoe lank elke rit duur.

A P&O Stena Line
B Condor Ferries
C Brittany Ferries

(3 × 2) (6)

2.1.8 Wat is die naam van die tonnel waardeur alle padvoertuie in pendeltreine tussen die Verenigde Koninkryk en Frankryk vervoer word? (1)

[25]

EN/OF

2.2 **BENELUX**

2.2.1 Wat is die benaderde vlugtye

A van Brussel na Londen?
B van Amsterdam na New York?
C van Luxemburg na New York?

(3 × 1) (3)

2.2.2 Gee die IATA-kodes vir die volgende stede of lughawes en verduidelik hul liggings:

A Luxemburg
B Rotterdam
C Antwerpen

(3 × 2) (6)

2.2.3 Noem die treindiens wat direkte sneltreine tussen Londen en Brussel bedryf. (2)

2.2.4 Tussen watter TWEE stasies in (a) Londen en (b) Brussel loop die trein? (2)

2.2.5 Wat is die reistyd tussen Londen en Brussel per trein? (1)

2.2.6 Wat is die naam van die tonnel waardeur alle padvoertuie in pendeltreine tussen die Verenigde Koninkryk en België vervoer word? (1)

2.2.7 Verduidelik hoe die bostaande tonnel bedryf word. (4)

2.2.8 Dui aan tussen watter plekke die volgende diensverskaffers veerbote oor die kanaal bedryf en hoe lank elke rit duur.

A Stena Line
B P&O Ferries
C DFDS Seaways

(3 × 2) (6)

[25]

EN/OF

2.3 **DUITSLAND**

2.3.1 Wat is die benaderde vlugtye

A van Frankfurt na Los Angeles?
B van München na Londen?
C van Frankfurt na Singapoer?

(3 × 1) (3)

2.3.2 Gee die IATA-kodes vir die volgende stede of lughawes en verduidelik hul liggings:

A Bremen
B München
C Stuttgart

(3 × 2) (6)

2.3.3 Noem die treindiens wat direkte sneltreine tussen Londen oor Parys/Brussel na München bedryf. (2)

2.3.4 Gee die naam en die tweeletter IATA-kode van die binnelandse lugredery in Duitsland. (2)

2.3.5 Lys die belangrikste riviere, mere en kuswaters waarop geskeduleerde bootvaarte bedryf word. (5)

2.3.6 Bespreek die voordele van 'n Interrail-kaartjie. (2)

2.3.7 Verduidelik hoe die volgende kaartjies werk:

A Interrail-kaartjie
B Bodensee-kaartjie

(2 × 2) (4)

2.3.8 Wat is die naam van die tonnel waardeur alle padvoertuie in pendeltreine tussen die Verenigde Koninkryk en Frankryk vervoer word? (1)

[25]

EN/OF

2.4 **SWITSERLAND**

2.4.1 Wat is die benaderde vlugtye

A van Genève na Los Angeles?
B van Zürich na New York?
C van Genève na New York?

(3 × 1) (3)

2.4.2 Gee die IATA-kodes vir die volgende stede of lughawes en verduidelik hul liggings:

A Kloten
B Bern
C Genève

(3 × 2) (6)

2.4.3 Noem die treindiens wat direkte sneltreine tussen Londen oor Parys na Switserland bedryf. (2)

2.4.4 Switserland kan per pad bereik word. Wat is die reistyd

A van Calais na Genève?
B van Calais na Zürich?

(2 × 1) (2)

2.4.5 Gee die naam en die tweeletter IATA-kode van die binnelandse lugredery in Switserland. (2)

2.4.6 Lys VIER tipiese items wat jy as aandenkings kan koop. (4)

2.4.7 Beskryf die volgende tradisionele geregte:

A Viande Sechee
B Papet Vaudois
C Fondue

(3 × 2) (6)
[25]

EN/OF

2.5 OOSTENRYK

2.5.1 Wat is die benaderde vlugtye

A van Salzburg na Londen?
B van Wene na Los Angeles?
C van Innsbruck na Londen?

(3 × 1) (3)

2.5.2 Gee die IATA-kodes vir die volgende stede of lughawes en verduidelik hul liggings:

A Wien-Schwechat
B Kranebitten
C Graz

(3 × 2) (6)

2.5.3 Noem die treindiens wat direkte sneltreine in en buite Oostenryk bedryf. (2)

2.5.4 Noem die diensverskaffers wat die volgende bedryf:

A rivierreise
B motorveerbootreise ('car ferry travel')

(2 × 1) (2)

2.5.5 Gee die naam en die tweeletter IATA-kode van die binnelandse lugredery in Oostenryk. (2)

2.5.6 Lys VIER tipiese items wat jy as aandenkings kan koop. (4)

2.5.7 Beskryf die volgende tradisionele geregte:

A Wiener Schnitzel
B Mohnstrudel
C Kasekrainer

(3 × 2) (6)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: SUIDELIKE EUROPA (PORTUGAL, SPANJE, ITALIË EN GRIEKELAND)

Kies EEN land wat jy bestudeer het uit VRAAG 3.1–3.4. Beantwoord slegs EEN vraag (3.1 of 3.2 of 3.3 of 3.4) in AFDELING C.

VRAAG 3

Verwys na jou GSA en ander voorgeskrewe werke om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 **PORTUGAL**

3.1.1 Gee die naam en die IATA-kode van die hoofstad van Portugal. (2)

3.1.2 Beskryf die tydsone in Portugal. (2)

3.1.3 Watter tale word in Portugal gepraat? (2)

3.1.4 Wat is die beste tyd van die jaar om Portugal te besoek? (2)

3.1.5 Watter gesondheidvereistes is op reisigers na Portugal van toepassing? (2)

3.1.6 Noem VIER visumvereistes vir 'n besoek aan Portugal. (4)

3.1.7 Watter geldeenheid word in Portugal gebruik? (2)

3.1.8 Is daar 'n direkte vlug vanaf JNB na die hoofstad van Portugal? (1)

Kopiereg voorbehou

3.1.9 Noem EEN GSA in die RSA vir treinreise. (1)

3.1.10 Noem TWEE GSA's in die RSA vir bootreise. (2)

Bestudeer die lys besienswaardighede en bestemmings in die tabel hier onder. Pas elk van die besienswaardighede of bestemmings by 'n beskrywing in VRAAG 3.1.11–3.1.15. Skryf slegs die besienswaardigheid of bestemming langs die vraagnommer (3.1.11–3.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

Tavira	Sintra	Cascais
Madeira	Baixa-distrik	Oporto

3.1.11 Lissabon se oudste sentrum en die middel van die dorp. (2)

3.1.12 'n Klein vissersdorpie langs die noordelike kus van Lissabon. (2)

3.1.13 Een van die mooiste markdorpe in die Algarve met keisteenstrate, kerke en 'n kasteelbouval. (2)

3.1.14 Die grootste groep van vyf eilande, 990 km suid-wes van Lissabon. (2)

3.1.15 Tweede grootste stad in Portugal. (2)
[30]

OF

3.2 **SPANJE**

3.2.1 Gee die naam en die IATA-kode van die hoofstad van Spanje. (2)

3.2.2 Beskryf die tydsone in Spanje. (2)

3.2.3 Watter tale word in Spanje gepraat? (2)

3.2.4 Wat is die beste tyd van die jaar om Spanje te besoek? (2)

3.2.5 Watter gesondheidvereistes is op reisigers na Spanje van toepassing? (2)

3.2.6 Noem VIER visumvereistes vir 'n besoek aan Spanje. (4)

3.2.7 Watter geldeenheid word in Spanje gebruik? (2)

3.2.8 Is daar 'n direkte vlug vanaf JNB na die hoofstad van Spanje? (1)

3.2.9 Noem EEN GSA in die RSA vir treinreise. (1)

3.2.10 Noem TWEE GSA's in die RSA vir bootreise. (2)

Kopiereg voorbehou

Bestudeer die lys besienswaardighede en bestemmings in die tabel hier onder. Pas elk van die besienswaardighede of bestemmings by 'n beskrywing in VRAAG 3.2.11–3.2.15. Skryf slegs die besienswaardigheid of bestemming langs die vraagnommer (3.2.11–3.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

Mallorca	Puerta del Sol	Mezquita
Alcazar	Costa del Sol	Sagrada Familia

3.2.11 'n Eet- en drinkplek in Madrid. (2)

3.2.12 Europa se onkonvensioneelste kerk. (2)

3.2.13 Cordoba se indrukwekkende Moorse monument. (2)

3.2.14 Die grootste van die Baleariese Eilande. (2)

3.2.15 'n Versterkte paleis op die terrein van voormalige Romeinse, Wes-Gotiese en Moslemvestings. (2)

[30]

OF

3.3 **ITALIË**

3.3.1 Gee die naam en die IATA-kode van die hoofstad van Italië. (2)

3.3.2 Beskryf die tydsone in Italië. (2)

3.3.3 Watter tale word in Italië gepraat? (2)

3.3.4 Wat is die beste tyd van die jaar om Italië te besoek? (2)

3.3.5 Watter gesondheidvereistes is op reisigers na Italië van toepassing? (2)

3.3.6 Noem VIER visumvereistes vir 'n besoek aan Italië. (4)

3.3.7 Watter geldeenheid word in Italië gebruik? (2)

3.3.8 Is daar 'n direkte vlug vanaf JNB na die hoofstad van Italië? (1)

3.3.9 Noem EEN GSA in die RSA vir treinreise. (1)

3.3.10 Noem TWEE GSA's in die RSA vir bootreise. (2)

Kopiereg voorbehou

Bestudeer die lys besienswaardighede en bestemmings in die tabel hier onder. Pas elk van die besienswaardighede of bestemmings by 'n beskrywing in VRAAG 3.3.11–3.3.15. Skryf slegs die besienswaardigheid of bestemming langs die vraagnommer (3.3.11–3.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

Brug van Sugte	Santa Maria de Fiore	Verona
Die Pantheon	Campania	Spaanse trappe

3.3.11 'n Grasieuse stad wat die ligging was vir Romeo en Juliet. (2)

3.3.12 Die 'geseënde land' wat so genoem word weens die vrugbare grond en gematigde klimaat. (2)

3.3.13 Is as skakel tussen die paleis en die staatstronk in Venesië gebou. (2)

3.3.14 Oorheers die silhoeët van Florence. (2)

3.3.15 Verbind die kerk van Trinita dei Monti met die Piazza di Spagna in Rome. (2)
[30]

OF

3.4 **GRIEKELAND**

3.4.1 Gee die naam en die IATA-kode van die hoofstad van Griekeland. (2)

3.4.2 Beskryf die tydsone in Griekeland. (2)

3.4.3 Watter tale word in Griekeland gepraat? (2)

3.4.4 Wat is die beste tyd van die jaar om Griekeland te besoek? (2)

3.4.5 Watter gesondheidvereistes is op reisigers na Griekeland van toepassing? (2)

3.4.6 Noem VIER visumvereistes vir 'n besoek aan Griekeland. (4)

3.4.7 Watter geldeenheid word in Griekeland gebruik? (2)

3.4.8 Is daar 'n direkte vlug vanaf JNB na die hoofstad van Griekeland? (1)

3.4.9 Noem EEN GSA in die RSA vir treinreise. (1)

3.4.10 Noem TWEE GSA's in die RSA vir bootreise. (2)

Kopiereg voorbehou

Bestudeer die lys besienswaardighede en bestemmings in die tabel hier onder. Pas elk van die besienswaardighede of bestemmings by 'n beskrywing in VRAAG 3.4.11–3.4.15. Skryf slegs die besienswaardigheid of bestemming langs die vraagnommer (3.4.11–3.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

Kolonaki	Mycenae	Kreta
Antieke Agora	Santorini	Ossios Loukas

3.4.11 Die grootste en suidelikste Griekse Eiland. (2)

3.4.12 Die mooiste van al die Griekse Eilande. (2)

3.4.13 Die elegante hart van Athene. (2)

3.4.14 'n Versterkte stad met 'n leeuhek. (2)

3.4.15 Bouvalle van die siviele, politieke en kommersiële middelpunt van Athene. (2)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: MIDDE-OOSTE (EGIPTE, TURKYE EN ISRAEL)

INSTRUKSIES

1. VRAAG 4.1 is verpligtend.
2. Kies EEN land wat jy bestudeer het uit VRAAG 4.2–4.4. Beantwoord slegs EEN vraag (4.2 of 4.3 of 4.4) in AFDELING C.

VRAAG 4

4.1 Verwys na die kaart van die Midde-Ooste (ADDENDUM B) (aangeheg) saam met jou eie bronne om hierdie vraag te beantwoord. Benoem die kenmerke wat op die kaart hier onder met syfers aangedui is deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



4.1.1 Benoem die land wat deur nommer 1 aangedui is.

4.1.2 Benoem die land wat deur nommer 2 aangedui is.

4.1.3 Benoem die land wat deur nommer 3 aangedui is.

4.1.4 Benoem die hoofstad wat deur nommer 4 aangedui is.

4.1.5 Benoem die hoofstad wat deur nommer 5 aangedui is.

4.1.6 Benoem die hoofstad wat deur nommer 6 aangedui is.

4.1.7 Benoem die rivier wat deur nommer 7 aangedui is.

4.1.8 Benoem die see wat deur nommer 8 aangedui is.

4.1.9 Benoem die see wat deur nommer 9 aangedui is.

4.1.10 Benoem die berge wat deur nommer 10 aangedui is.

(10 × 2) (20)

4.2 **EGIPTE**

Bespreek waarom dit die moeite werd is om die volgende besienswaardighede/ bestemmings te besoek:

4.2.1 Die Stad van die Dooies in Kaïro.

4.2.2 Die Groot Piramide van Khufu.

4.2.3 Alexandrië

4.2.4 Tempel van Luxor

4.2.5 Sakkara

(5 × 2) (10)

OF

4.3 **TURKYE**

Bespreek waarom dit die moeite werd is om die volgende besienswaardighede/ bestemmings te besoek:

4.3.1 Die Blou Moskee

4.3.2 Die Kasteel van St Petrus in Bodum

4.3.3 Kusadasi

4.3.4 Sedir Eiland naby Marmaris

4.3.5 Die dorpie Ortahizar in Goreme

(5 × 2) (10)

OF

4.4 **ISRAEL**

Bespreek waarom dit die moeite werd is om die volgende besienswaardighede/ bestemmings te besoek:

4.4.1 Carmelstraatmark in Tel Aviv

4.4.2 Caesarea

4.4.3 Meer van Tiberias

4.4.4 Tabgha naby Galilea

4.4.5 Die dooie see

(5 × 2) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING D: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING E: VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Beantwoord al die vrae in AFDELING E.

VRAAG 5

5.1 NASIONALE PARKE

Verwys na ADDENDUM C (aangeheg) asook voorgeskrewe bronne om hierdie vraag te beantwoord.

Pas die naam van 'n nasionale park in KOLOM B by 'n beskrywing in KOLOM A. Die nasionale parke in KOLOM B mag meer as een keer gebruik word. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	In hierdie park word rotswonings bewaar wat sedert 450 n.C. deur Amerikaanse inboorlinge gebou is	A	Carlsbad Grot
5.1.2	Langste grot wat ontdek is, is 190 km lank	B	Doodsvallei
5.1.3	'Old Faithfull' is die belangrikste toeristebesienswaardigheid	C	Grand Canyon
5.1.4	Magtige moeras in suidelike Florida wat Amerikaanse krokodille en baie spesies watervoëls onderhou	D	Yellowstone
5.1.5	Hierdie park is besonder warm en het 'n rekordtemperatuur van 54 °C	E	Denali
5.1.6	Enorme canyon wat oor miljoene jare deur die Coloradorivier uitgekerf is	F	Groot Smokey-berge
5.1.7	Rondom Berg McKinley, die hoogste berg in Noord-Amerika, geleë	G	Mesa Verde
5.1.8	Die tuiste van meer as 400 gewerweldes, 100 boom- en 5 000 plantspesies.	H	Yosemite
5.1.9	Een van die sewe wonders van die wêreld en een van die grootste bronne van hidroëlektriese krag in die wêreld	I	Die Everglades
5.1.10	Half Dome en El Capitan troon bo die vallei uit	J	Niagara-waterval
		K	Redwood Nasionale Park

(10 × 2) (20)

5.2 ALGEMENE VRAE OOR DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

5.2.1	Op watter dag word Onafhanklikheidsdag gevier?		(2)
5.2.2	Oor hoeveel tydsones beskik die VSA?		(2)
5.2.3	Watter land is ten suide van die VSA?		(2)
5.2.4	Beskryf die ligging van die staat Hawaii.	(2 × 2)	(4)
5.2.5	Wie was die eerste Amerikaanse president?		(2)
5.2.6	Gee die naam van die belangrikste nasionale busdiensverskaffer in die VSA.		(2)
5.2.7	Hoe ver is dit tussen San Francisco en New York?		(2)
5.2.8	Watter rivier dra die meeste waterverkeer van enige binnelandse waterweë in die wêreld?		(2)
5.2.9	Noem die spoorvervoerverskaffer in die VSA.		(2)
			[40]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

DIE TOER VAN GROOT BRITTANJE VANAF: R12 500 pp.

DAG 1: LONDEN – CAMBRIDGE – YORKSHIRE

Ná jou aankoms in Cambridge is jou eerste avontuur 'n tradisionele bootvaart in 'n platboompaalskuit op die rivier om die asemrowende natuurskoon en wonderlike, historiese geboue te sien. In die middag sit jy die landelike reis in die rigting van York voort – 'n mekka vir geskiedeniskenners en liefhebbers van fyn argitektuur en kultuur. Jou wandeltoer bied fassinerende insigte, stories en geskiedenis van die stad. Die aand geniet jy aandete in 'n tradisionele Engelse 'pub' waar 'n groot verskeidenheid van jou gunsteling Engelse disse soos vis en skyfies of 'bangers and mash' (worsies en romerige kapokaartappels) aangebied word.

DAG 2: MUUR VAN HADRIANUS– EDINBURG

Die eerste stopplek vir die dag is die ikoniese Muur van Hadrianus. Die muur, wat in 122 v.C. met die hand gebou is, is baie belangrik in die geskiedenis van Groot Brittanje, en is een van die landmerke wat die meeste in die Verenigde Koninkryk besoek word. Ontspan en geniet die pragtige landskap op jou reis deur Skotland. Die hoofstad is volgende op die lys en jou toergids sal Edinburg tydens 'n bus- en wandeltoer aan jou bekendstel.

DAG 3: EDINBURG – Vrye keuse

Edinburg staan as die kulturele hoofstad van Skotland bekend. Dit stad beskik oor pragtige grysklipgeboue, argitektuur, kunsgalerye, gedenktekens en hoëronderwysinstellings. Loop terug in tyd in die outentieke, onveranderde keisteenstrate van die Koninklike Myl, deur die Grasmark na 'n ry kroegies ('pubs') waar openbare teregstellings die skares eens 'vermaak' het. Dit is die moeite werd om die toegangsgeld tot die Edinburgkasteel te betaal, en dit vereis slegs 'n paar uur om meer oor die Skotse geskiedenis en vorstehuis te leer. Vir dié wat aandenkings wil koop, lok Princes Street kopers van oor die hele wêreld. Die stad kry snags nuwe lewe in die kroeë in die stadsentrum, so waarom gaan geniet jy nie 'n bier of tradisionele whisky saam met die vriendelike plaaslike inwoners nie?

DAG 4: LOCH NESS – SKOTSE HOOGLANDE

Onderneem 'n bootvaart op Loch Ness (tuiste van 'Nessie', die Loch Ness-monster – kyk of jy hom kan sien terwyl jy die indrukwekkende bouvalle van die Urquhart-kasteel van die water af bekyk). Wanneer julle weer die pad vat, maak gereed om die imposante simbool van die hooglande te sien – die indrukwekkende Ben Venis, Brittanje se hoogste berg, wat soos 'n reus uit die grond verrys. Sluit die dag af met 'n welverdiende whisky-proesessie by een van Skotland se oudste gelisensieerde whisky-distilleerderye in Fort William, voordat jy na jou hotel in die Skotse Hooglande vertrek.

DAG 5: MEREDISTRIK – LIVERPOOL

Die toer van Groot Brittanje swenk nou na meer moderne geskiedenis wanneer julle die grens op pad na Liverpool oorsteek. Op pad kan jy die laaste dele van die Skotse landskap bewonder, voordat julle vir middagete in die pragtige meredistrik aandoen – die uitsigte is asemrowend! Laatmiddag van dag 5 kom jy in Liverpool aan.

DAG 6: STRATFORD-UPON-AVON

Vandag besoek jy die geboorteplek van William Shakespeare – Stratford-upon-Avon. Na 'n inligtingtoer deur die sonderlinge, historiese dorpie, het jy die res van die dag om die dorpie self verder te verken. Die dorpie is vol Shakespeare-besienswaardighede en fassinerende historiese plekke om te besoek.

DAG 7: BATH – STONEHENGE – LONDEN

Jy doen heel eerste by Bath aan – 'n UNESCO-wêrelderfenisterrein wat van die beste argitektuur in Europa bied. Beleef 'n toer na die natuurlike warmbron wat die Roomse baddens van water voorsien en word deel van die meer as 1 miljoen internasionale toeriste wat dit elke jaar besoek! DAN, Stonehenge, wat geen bekendstelling nodig het nie! Jy kry 'n geleentheid om die antieke, asembenemende struktuur, waarvan die oorsprong wetenskaplikes, toeriste en historici al vir eeue aan die gis het, te sien. Die toer eindig weer in Londen.

https://expatexplore.com/tours/great-britain.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

ADDENDUM B


Bucharest
Sevastopol'
Krasnodar
RUSSIA
Constanţa
Sofia
BULGARIA
Varna
Black Sea
Gora El'brus
(highest point in Europe, 5633 m)
CAUCASUS MOUNTAINS
Groznyy
Sokhumi
Bosporus
İstanbul
Samsun
Bat'umi
GEORGIA
Tbilisi
Bursa
DOĞUKARADENİZ DAĞLARI
Trabzon
Aegean Sea
Dardanelles
Ankara
ARMENIA
Erzurum
Yerevan
GREECE
TURKEY
Mount Ararat
İzmir
Kayseri
Athens
Denizli
Konya
Van
Diyarbakir
Lake Van
Antalya
TAURUS MOUNTAINS
Adana
Gaziantep
Lake Urmia
İçel (Mersin)
Aleppo
Arbil
Crete
Nicosia
Latakia
Mosul
Kirkuk
CYPRUS
SYRIA
Euphrates
Tigris
Beirut
Ḥimṣ
Mediterranean Sea
LEBANON
Damascus
Golan Heights
SYRIAN DESERT
Baghdad
Kermān
Haifa
ISRAEL
IRAQ
Port Said
Jerusalem
West Bank
Amman
Alexandria
Dead Sea
(lowest point in Asia, -408 m)
Suez Canal
Gaza Strip
Cairo
Suez
JORDAN
An Nāşirīyah
QATTARA DEPRESSION
Al Īzah
SINAI PENINSULA
Al 'Aqabah
Tabūk
Nile
Asyūt
Gulf of Aqaba
Ḥā'il
WESTERN DESERT
EGYPT
Red Sea
Buraydah
Luxor
HEJAZ
Medina
Aswān
Tropic of Cancer
SAUDI ARABIA
Yanbu' al-Baḥr
Administrative Boundary
Ḥalā'ib

ADDENDUM C

Name		Location	Date established	Area	Description
Carlsbad Caverns		New Mexico 32°10′N 104°26′W32.17°N 104.44°W	14 May 1930	(189.3 km^2)	Carlsbad Caverns has 117 caves, the longest of which is over 190 km long. The Big Room is almost 1,200 m long, and the caves are home to over 400,000 Mexican Free-tailed Bats and sixteen other species. Above ground are the Chihuahuan Desert and Rattlesnake Springs.
Death Valley		California, Nevada 36°14′N 116°49′W36.24°N 116.82°W	31 October 1994	(13,647.6km^2)	Death Valley is the hottest, lowest, and driest place in the United States. Daytime temperatures have topped 54°C and it is home to Badwater Basin, the lowest point in North America. There are canyons, colourful badlands, sand dunes, mountains, and over 1000 species of plants in this graben on a fault line. Further geologic points of interest are salt flats, springs, and buttes.
Denali		Alaska 63°20′N 150°30′W63.33°N 150.50°W	26 February 1917	(19,185.8km^2)	Centred around the Mount McKinley, the tallest mountain in North America, Denali is serviced by a single road leading to Wonder Lake. McKinley and other peaks of the Alaska Range are covered with long glaciers and boreal forest. Wildlife includes grizzly bears, Dall sheep, caribou, and gray wolves.
Ever-glades		Florida 25°19′N 80°56′W25.32°N 80.93°W	30 May 1934	(6,104.8 km^2)	The Everglades are the largest subtropical wilderness in the United States. This mangrove ecosystem and marine estuary is home to 36 protected species, including the Florida panther, American crocodile, and West Indian manatee.
Grand Canyon		Arizona 36°04′N 112°08′W36.06°N 112.14°W	26 February 1919	(4,926.7 km^2)	The Grand Canyon, carved out by the Colorado River, is 446 km long, up to 1.6 km deep, and up to 24 km wide. Millions of years of exposure have formed colourful layers of the Colorado Plateau in mesas and canyon walls.

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM C (verv.)

Great Smoky Mountains		North Carolina, Tennessee 35°41′N 83°32′W35.68° N 83.53°W	15 June 1934	(2,110.4 km^2)	The Great Smoky Mountains, part of the Appalachian Mountains, have a wide range of elevations, making them home to over 400 vertebrate species, 100 tree species, and 5000 plant species. Hiking is the park's main attraction, with over 1,300 km of trails, including 110 km of the Appalachian Trail. Other activities are fishing, horseback riding, and visiting some of nearly 80 historic structures.
Mesa Verde		Colorado 37°11′N 108°29′W37.1 8°N 108.49°W	29 June 1906	(210.9 km^2)	This area has over 4,000 archaeological sites of the Ancestral Pueblo, who lived here for 700 years. Cliff dwellings built in the 12th and 13th centuries include Cliff Palace, which has 150 rooms and 23 kivas, and the Balcony House, with passages and tunnels.
Yellow-stone		Wyoming, Montana, Idaho 44°36′N 110°30′W44.6 0°N 110.50°W	01 March 1872	(8,983.2 km^2)	Situated on the Yellowstone Caldera, the first national park in the world has vast geothermal areas such as hot springs and geysers, the best-known being Old Faithful and Grand Prismatic Spring. The yellow-hued Grand Canyon of the Yellowstone River has numerous waterfalls, and four mountain ranges run through the park. There are almost 60 mammal species, including the gray wolf, grizzly bear, lynx, bison, and elk.
Yosemite		California 37°50′N 119°30′W37.8 3°N 119.50°W	01 October 1890	(3,080.7 km^2)	Yosemite has towering cliffs, waterfalls, and sequoias in a diverse area of geology and hydrology. Half Dome and El Capitan rise from the central glacier-formed Yosemite Valley, as does Yosemite Falls, North America's tallest waterfall. Three Giant Sequoia groves and vast wilderness are home to diverse wildlife.

Kopiereg voorbehou